

Beste Veronica,

Dries het genoem dat jy gevra het vir terugvoering oor die bediening en ek hoop dat ek nie te laat is daarmee nie. Dit was so besig die afgelope weke en ons was weg die week en het nou-nou by die huis gekom. Hierdie is my nuwe e-pos adres wat jy kan gebruik (of Dries se gmail). Ek sukkel al maande met myne en het toe uiteindelik besluit om 'n gmail adres te kry.

Ek vertrou dat dit goedgaan by jou. Ek sal nou 'n beter kommunikeerder wees met my e-pos wat weer werk. Ek probeer egter om die blog op datum te hou.

Ons het op die oomblik nog Paasvakansie en begin volgende Dinsdag weer met skool. Ons is dan in ons laaste kwartaal van ons skooljaar en dit gaan dol. Skoolkonsertvoorbereiding, eksamens en alles wat gepaard gaan met einde van skooljaar. Ons het vanjaar meer as 160 kinders en elke jaar gaan dit moeiliker met die gebrek aan spasie. Ons het 'n skenking van rekenaars ontvang en Dries het dit nou geïnstalleer. Die kinders en onderwysers was so opgewonde, want die rekenaaropleiding is vir hulle 'n wonder. Sjoë, ons is bly Dries is terug, maar hy werk hom gedaan. Daar is so baie om te doen en hy kom nie by alles uit nie. Ons het nou die Royal Ranger bediening begin hier. Dis soos voortrekkers en met 'n Christelike aanslag. Ons Saterdag BAO studente is nou die eerste Ranger groep en dit gaan baie goed. Ons kan alreeds 'n verskil in hierdie jong mense sien. Ons sal ook met die Rangerbediening in die skool begin met die nuwe skooljaar in September. Al die onderwysers is opgewonde en die ouers ook en sal Dries opleiding gedurende die vakansie doen. Ons het ook in Julie ons eerste kamp met die jongmense.

Ek het ook vanjaar drie kinders wat ek in Engels skool voor gee. Hulle is onderskeidelik in Graad 2 en 5. Dit is die kinders van 'n vriend van ons en sy Malgassiese vrou. Dit verg baie ekstra voorbereiding en is harde werk, maar dit was vir my 'n voorreg om die Evangelie met hulle te kon deel en sien dat dit die eerste keer is dat hulle dit hoor. Daar is soveel groei by hulle en is die hoogtepunt van die dag die Bybelstudie in die oggend.

Freda, wat ons help, was vir vyf maande in SA, maar kom vandeeweke terug. Sy het wondere verrig in die voorskool en is dit ons vertrou en visie om met opleiding in ander skole te begin.

Die ander groot visie is natuurlik dat Gabriel sy rol sal vervul. Ons was vandeeweke weer in Russian Bay vir onderhoudswerk aan die boot, maar veral vir verhouding bou met die mense daar, want ons glo dit is waar ons sal begin werk. Dit is 'n baai sowat 20 km van Nosy Be. Daar woon baie mense, maar in klein groepies, wyd uitgestrek. Daar is 'n groot behoefte aan 'n skool saam met die Woordbediening. So, dit is 'n groot gebedsversoek. Daar is soveel behoefte, maar op hierdie stadium het ons medewerkers nodig.

Dries is nog steeds besig met sy visumaansoek. Ai, dit neem hierdie keer maande en moet ons reeds more weer 'n draai by die visumkantoor gaan maak.

Laat weet maar asseblief indien daar nog vrae is oor wat hier gebeur. Die groot gebedsversoeke is:

- Dries se visumaansoek
- Medewerkers. Korttermyn werkers en langtermyn. Mense wat die bestuur van die skool kan oorneem sodat ek saam met Dries wyer kan werk.
- Die finansies knyp werklik en spartel ons maar om aan die einde van elke maand almal en alles te betaal. Ons is dankbaar dat ons Vader altyd voorsien.
- Die skool kan soveel meer doen as ons net 'n groter plek gehad het, maar ons kry nie grond nie. Bid vir uitkoms asseblief.

Dankie vir jou ondersteuning en getroue voorbidding. Dra asseblief ook ons groete aan die gemeente oor.

Groete in Christus
Dries en Lynette